


Verantwoorde Ouerskap

DR. P.J. DE BRUYN



TB
649.1
DEB

Verantwoorde Ouerskap

Dr. P.J. de Bruyn

1985

Hoewel die Deputate vir die Calvyn-Jubileumboekefonds (CJBF) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die CJBF-deputate of van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Inhoud

VOORAF	5
1. INLEIDING	6
1.1. DALENDE KINDERTAL	6
1.2. AKSIE: GESINSBEPLANNING	6
1.3. VERONTRUSTING BY KERKE	7
1.4. DOEL VAN HIERDIE GESKRIF	7
2. DIE WESE EN DOEL VAN DIE HUWELIK	8
2.1. INLEIDING	8
2.2. DIE WESE VAN DIE HUWELIK	8
2.3. DIE DOEL VAN DIE HUWELIK	8
2.3.1. Om vir mekaar 'n hulp te wees	8
2.3.2. Om kinders voort te bring en op te voed	9
2.3.3. Om 'n bolwerk teen ontug te vorm	9
3. DIE PLEK VAN GESLAGSGEMEENSAP IN DIE HUWELIK	10
3.1. DIE ROOMSE STANDPUNT	10
3.2. DIE SIENING VAN DIE HERVORMERS EN DIE GEREFORMEERDES	10
3.3. DIE ERKENNING VAN 'N EIE BETEKENIS VAN GESLAGSGEMEENSAP BINNE DIE HUWELIK	10
3.4. DIE GETUIENIS VAN DIE SKRIF	11
4. GESINSVORMING EN GEBOORTEREËLING	13
4.1. GEBOORTEREËLING IS GEOORLOOF	13
4.2. GEBOORTEREËLING IS WENSLIK EN NOODSAAKLIK	13
4.3. GEBOORTEREËLING EN DIE GROOTTE VAN DIE GESIN	13
4.4. DIE WYSE VAN GEBOORTEREËLING	15
4.5. MODERNE GEBOORTEREËLING EN DIE CHRISTEN SE VERANTWOORDELIKHEID	16
5. GESINSVORMING IN CHRISTELIKE PERSPEKTIEF	17
5.1. GESLAGSGEMEENSAP EN GESINSVORMING	17
5.2. GESINSVORMING: SEËN EN ROEPING	17
5.3. GESINSVORMING EN DIE VERBOND VAN GOD	17
5.4. GESINSVORMING EN DIE KONINKRYK VAN GOD	18
5.5. DIE CHRISTEN: POSITIEF TEENOOR GESINSVORMING	19
6. BEVOLKINGSGROEI	20
6.1. INLEIDING	20
6.2. WAT IS OORBEVOLKING?	20
6.3. BEVOLKINGSGROEI IN DIE WÊRELD	20
6.4. BEVOLKINGSGROEI IN SUID-AFRIKA	21
6.5. GEVOLGTREKKING	22
7. DIE VERNAAMSTE OORSAKE VAN KRIMPENDE KINDERTAL ONDER BLANKES IN SUID-AFRIKA	23
7.1. LIGGAAMLIKE EN GESONDHEIDSAKTORE	23
7.2. GELDELIKE FAKTORE	23
7.3. PSIGOSOSIALE FAKTORE	23
7.4. DIE PROSES VAN ONTKERSTENING	23
7.5. DIE PROPAGANDA VAN AKSIE: GESINSBEPLANNING	24
7.6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	24
8. DIE TAAK EN ROEPING VAN DIE BLANKE-CHRISTENE IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN GESINSVORMING	25
8.1. DIE SITUASIE VAN DIE NIE-BLANKES IN SUID-AFRIKA	25
8.2. ZAMBIË AS VOORBEELD	25

8.3. BEPERKTE BLANKE-KINDERTAL BEPERK NOODSAAKLIKE VERMOËNS	26
8.5. VADERLANDSLIEFDE	26
8.6. SODAT DIE LAMP KAN BLY BRAND	27
9. GEVOLGTREKKING	28
GERAADPLEEGDE WERKE.....	29

VOORAF

Die tendens van dalende geboortes onder Blanke-Christene het, volgens persberigte, veral in kerklike kringe 'n gevoel van verontrusting laat ontstaan. Dit het onder andere tot gevolg gehad dat daar 'n beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal oor die aangeleentheid op die agenda van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika van 1982 verskyn het. Die beskrywingspunt lui soos volg:

"Die Nasionale Sinode spreek sy kommer uit oor die daling van kindergetalle ook in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, met name waar hierdie daling as gevolg van sondige geboortebepערking nie op geloofstandpunt geregverdig kan word nie. Mede in die lig van die negatiewe invloed van die veldtog oor gesinsbeplanning van die Departement van Gesondheid wys die Nasionale Sinode op die behoefte aan 'n publikasie in ons kringe oor verantwoorde ouerskap" (Gereformeerde Kerk in SA, 1982:525-526).

Oor hierdie beskrywingspunt het die Sinode onder andere soos volg besluit:

"Aan die beskrywingspunt word gevolg gegee... Aan die Calvyn-Jubileumboekefonds-deputate word opgedra om 'n nuwe publikasie rondom hierdie saak die lig te laat sien wat ook vir die pastoraat diensbaar sou wees" (Gereformeerde Kerk in SA, 1982:527).

Die Deputate vir die Calvyn-Jubileumboekefonds het daarna aan my die versoek gerig om aan hierdie opdrag van die Sinode uitvoering te gee en 'n boek oor verantwoorde ouerskap te skryf.

Hoewel die prinsipiële riglyne wat aangedui word, van toepassing is op alle Christene ongeag ras of kleur, is die praktiese gedeelte in die besonder van toepassing op die Blankes in SA, aangesien die situasie wat betref die geboortesyfer by die gekleurde volke in SA, anders is as die by die Blankes.

Dit is my opregte wens en bede dat hierdie boekie in die koninkryk van God diensbaar sal wees, en in die besonder dat dit bruikbaar sal wees om die roeping van die Christene in Suid-Afrika ten opsigte van die vorming van gesinne duidelik aan te toon.

P.J. de Bruyn

Pretoria Junie 1985

1. INLEIDING

1.1. DALENDE KINDERTAL

Die geboortesyfer onder Blankes in Suid-Afrika toon in die jongste tyd onmiskenbaar 'n dalende tendens. In verskillende geskryfte, artikels en koerantberigte is die aandag daarop gevestig. Een van die resentste geskryfte oor hierdie onderwerp, waaraan ook baie publisiteit verleen is, is die *Verslag van die wetenskapkomitee van die Presidentsraad oor demografiese tendense in Suid-Afrika (1983)*.

Die volgende is enkele van die belangrikste gegewens oor die dalende kindertal in die verslag:

- Die Blankes se geboortes het gedaal van 3,33 kinders per vrou in 1950 na 2,03 in 1980, wat onder die vervangingspeil van 2,1 is (1983:47).
- Vrouens bring tans nie genoeg dogters in die wêreld om hulleself te vervang nie. "In 1980 het elke 1 000 Blanke vroue slegs 963 dogters in die wêreld gebring (wat self oud genoeg sal word om te produseer) — sodat die intrinsieke groeiakoers van die Blanke bevolking reeds negatief is" (1983:61). Daarteenoor het elke 1000 Asiërvroue in 1980 1278 dogters gebaar, elke 1000 Kleurlingvroue na raming sowat 2500 dogters wat oud genoeg sal word om te reproduseer (1983:61).

Hieruit is dit duidelik dat, terwyl al die ander bevolkingsgroepe 'n duidelik positiewe groei toon, die groeiakoers onder die Blankes reeds negatief is.

Die daling van geboortesyfers onder Blankes is egter nie 'n verskynsel wat slegs aan Suid-Afrika eie is nie. Dit is 'n duidelike tendens wat in die jongste tyd by al die geïndustrialiseerde volke in die hele Westerse wêreld aangetref word en selfs ook in groot dele van die Ooste (Williams, 1980:2-3). Met 'n mate van reserwe sou 'n mens dus kon sê dat dit 'n wêreldtendens is.

1.2. AKSIE: GESINSBEPLANNING

Dat die geboortesyfer onder die Blankes in Suid-Afrika so skerp gedaal het, moet egter nie net as die gevolg van die invloed van bogenoemde wêreldtendens gesien word nie. Daar is veral 'n ander faktor wat vir hierdie stand van sake verantwoordelik is, en dit is die volgehoue propaganda ten gunste van kleiner gesinne deur die owerheid (vgl. De Bruyn, 1981a: 10, 11).

Dit is bekend dat die afdeling Gesinsbeplanning van die vroeëre Departement van Gesondheid en die huidige Departement van Gesondheid en Welsyn met groot ywer en doelgerigtheid poog om die geboortesyfer onder alle bevolkingsgroepe te laat daal. In verskeie brosjures en pamflette wat deur genoemde staatsdepartement opgestel is en in verskillende tale versprei word, word propaganda gemaak vir kleiner gesinne. Daarin word ook inligting verskaf oor die moderne metodes en middele wat aangewend kan word om swangerskap te voorkom. Hulle leuse is: "*Beplan 'n kleiner gesin vir 'n groter toekoms*". Op hulle embleem verskyn 'n man en 'n vrou met twee kinders. Daaruit moet afgelei word dat hulle die gesin met net twee kinders as die ideale beskou.

Hoewel die Aksie: gesinsbeplanning reeds voor 1970 begin het, het dit eers vanaf 1971 behoorlik op dreef gekom. Dit kan duidelik gesien word in die geld wat vir die doel bestee is. In 1969 was dit R120 000, maar daarna is dit jaarliks drasties verhoog, sodat daar in 1979 R9 200 000 daarvoor begroot is. Suid-Afrika, met sy betreklike klein Blankebevolking, het op sewe na die grootste gesinsbeplanningsprogram in die wêreld (Williams, 1980:21).

Resultate is inderdaad bereik, veral onder die Blankes. Die geboortes onder die Blankes het gedaal van 3,03 kinders per vrou in 1970 tot 2,03 in 1980, en dit is benede die vervangingspeil van 2,1 (Wetenskapkomitee Presidentsraad, 1983:47, 48).

Terwyl die totale aantal Blankegeboortes gedaal het van 88 886 in 1970 tot 73 216 in 1978, het die geboortes onder Swartes slegs in die Transvaalse provinsiale hospitale

gestyg van 43 285 in 1969-1970 tot 73 361 in 1977-1978, terwyl dit bekend is dat baie meer Swart geboortes buite die hospitale plaasvind as wat met Blankes die geval is (Williams, 1980:4, 5, 8, 9). Bowendien is daar geen gesinsbeplanningsprogram van owerheidsweë in Transkei en Bophuthatswana nie (Williams, 1980:25).

As die huidige tendens van Blankegeboortes vergelyk word met die tendens voordat Aksie: gesinsbeplanning op dreef gekom het, beteken dit dat daar tans reeds 100 000 minder kinders gebore is as wat gebore sou gewees het as gesinsbeplanning nie op die toneel verskyn het nie. En as die huidige tendens voortduur, sal die syfer styg tot 300 000 in 1984 en 600 000 in 1989 (Williams, 1980:30-32).

1.3. VERONTRUSTING BY KERKE

Bogenoemde situasie het in die jongste tyd ernstige verontrusting in sekere kerklike kringe veroorsaak en in die besonder by die drie Afrikaanse Kerke. Dit blyk duidelik uit besluite wat gedurende 1982 en 1983 in hierdie verband geneem is.

In *Januarie 1982* het die Nasionale Sinode van die *Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika* na aanleiding van 'n beskrywingspunt sy kommer uitgespreek "oor die daling van kindergetalle ook in die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, met name waar hierdie daling as gevolg van sondige geboortebepערking nie op geloofstandpunt geregverdig kan word nie" (Gereformeerde Kerk in SA, 1982:527).

In *Oktober 1982* het die Algemene Sinode van die *Nederduitse Gereformeerde Kerk* 'n soortgelyke besluit geneem. Dit lui so: "Die Sinode spreek sy diepe besorgdheid uit oor die sterk dalende geboortesifer en wil die lidmate oproep tot gelowige besinning oor die roeping tot gesonde gesinsbou en verantwoordelike ouerskap" (Nederduitse Gereformeerde Kerk, 1982: 1244, 1245).

Enkele maande later, in *April 1983*, was daar op die agenda van die Algemene Kerkvergadering van die *Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* verskeie beskrywingspunte waarin onder andere gevra is dat die vergadering hom ten sterkste teen die daling van kindergetalle onder die Blankes moet uitspreek. Na aanleiding van hierdie beskrywingspunte en 'n rapport oor die dalende kindertal het die vergadering soos volg besluit: "Dat gesien die negatiewe bevolkingsgroeie weens die dalende kindertal met die susterkerke oor die saak beraadslaag moet word en dat met die regering samesprekings gevoer moet word, ten einde die probleem op te los — sodat daar weer 'n positiewe bevolkingsgroeie kan kom" (Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, 1983:49).

Hieruit is dit duidelik dat die drie Afrikaanse Kerke eenstemmig is in hulle bekommernis oor die daling van kindergetalle onder die Blankes. Verder is hulle daarvan oortuig dat daar daadwerklike stappe gedoen moet word om die daling van kindergetalle te stuit en dit na 'n styging om te skakel.

1.4. DOEL VAN HIERDIE GESKRIF

Teen die agtergrond van die huidige situasie in Suid-Afrika en die verontrusting by die kerke, soos hierbo aangedui, is dit die doel van hierdie geskrif om in die lig van die Skrif oor die roeping van die Christen ten opsigte van gesinsvorming te besin. Uiteraard het dit besonderlik betrekking op die Blankes in Suid-Afrika.

2. DIE WESE EN DOEL VAN DIE HUWELIK

2.1. INLEIDING

In die Christelike kerk is die vorming van 'n gesin nog altyd beskou as iets wat onlosmaaklik aan die huwelik verbonde is. Om dus te kan bepaal wat die roeping van die Christen ten opsigte van gesinsvorming in die huidige situasie in Suid-Afrika is, is dit noodsaaklik om eers uit die Skrif en die Gereformeerde belydenis vas te stel wat die *wese en die doel* van die huwelik is.

2.2. DIE WESE VAN DIE HUWELIK

Indien al die gegewens in die Skrif oor die huwelik nagegaan word, kan die wese van die huwelik soos volg aangedui word:

- Die huwelik is 'n instelling van God waardeur één man en één vrou op die innigste denkbare wyse lewenslank deur liefde en trou tot 'n twee-eenheid aan mekaar verbind word en wel op so 'n wyse dat in hulle verhouding die verhouding tussen Christus en sy gemeente afgebeeld _word (vgl. De Bruyn; 1982:185-204; 1968?:4).

2.3. DIE DOEL VAN DIE HUWELIK

Volgens die Skrif het die huwelik vir die egpaar die volgende drie doeleindes:

- om vir mekaar 'n hulp te wees;
- om kinders voort te bring en op te voed;
- om 'n bolwerk teen ontug te vorm.

Aan elkeen van hierdie doeleindes moet kortliks aandag geskenk word.

2.3.1. Om vir mekaar 'n hulp te wees

Dat dit die primêre doel van die huwelik is dat man en vrou vir mekaar daarin 'n hulp moet wees, blyk baie duidelik uit die geskiedenis van die skepping van die vrou. Volgens Gen. 2:18 het die Here God gesê: "Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas".

Hier word wel nie uitdruklik gesê dat die man vir die vrou 'n hulp moet wees soos die vrou vir die man nie. Tog is dit ongetwyfeld die bedoeling.

Trouens, die eis van Paulus dat die man sy vrou moet liefhê soos Christus sy gemeente liefgehad het (Ef. 5:25), en haar boonop moet liefhê soos sy eie liggaam (Ef. 5:28), is ondenkbaar sonder die gedagte dat hy ook vir haar 'n hulp moet wees. In die verband is dit van besondere belang dat Paulus juis in die betrokke gedeelte weer terugryp na die geskiedenis van die instelling van die huwelik deur God (Ef. 5:31; Gen. 2:24).

Die vrou is so geskape dat sy en die man vir mekaar nie net 'n fisieke hulp kan wees nie maar ook 'n geestelike. Man en vrou verskil na liggaam en siel so van mekaar dat hulle mekaar juis kan aanvul en verryk en op die wyse van mekaar kompleete mense maak (Brillenburger, 1951:63).

So beskou lê die uitspraak in die huweliksformulier dat man en vrou vir mekaar 'n hulp moet wees in alle sake "wat tot die tydelike en ewige lewe behoort", beslis op een lyn met God se oorspronklike bedoeling. Dat hulle vir mekaar op pad na die ewige lewe 'n hulp moet wees, word in die Skrif veronderstel (Spr. 31:30) en op negatiewe wyse sterk beklemtoon in die geskiednisse van onder andere Salomo (1 Kon. 11:4) en Agab (1 Kon. 21:25).

Om as man en vrou vir mekaar 'n hulp in die wydste sin van die woord te wees en *nie* die voortbring van kinders nie, moet as die primêre doel van die huwelik gesien word. As aan laasgenoemde voorrang verleen word, beteken dit dat 'n kinderlose huwelik sy doel gemis het, en dit is beslis nie die geval nie (vgl. De Vries, 1970:10; Nederlandse Hervormde Kerk, 1959:22; Drogendijk, 1964:52).

2.3.2. Om kinders voort te bring en op te voed

Die opdrag aan man en vrou na hulle skepping was onder andere: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" (Gen. 1:28). Dit beteken dat God man en vrou so geskep het dat hulle kinders kon verwek en voortbring. Hy het ook die drang tot geslagsgemeenskap in hulle gelê sodat kinders verwek kon word (De Vries, 1970:10).

In Gen. 2:18 word die opdrag om kinders voort te bring nog nie so pertinent aan die huwelik verbind nie (vgl. Gen. 2:22). Maar "Omdat kinders slegs deur geslagsgemeenskap verwek word en dit in Gen. 2:24 aan die huwelik verbind word, kan sonder twyfel gesê word dat dit God se bedoeling was dat die voortbring van kinders binne die huwelik moet plaasvind. In die hele res van die Ou Testament word dit dan ook as die normale gang van sake volgens die wil van God gesien. Buite-egtelike geslagsgemeenskap is skerp veroordeel en hard gestraf (Deut. 22:13-20). Ook gaan die hele Nuwe Testament as vanselfsprekend daarvan uit dat kinders binne die huwelik verwek, gebore en opgevoed moet word. Paulus skryf aan Timoteüs: "Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar..." (1 Tim. 5:14).

Ook die opvoeding van die kinders tot eer van die Here is die taak van man en vrou in die huwelik (Ex. 20:12; Spr. 1:8; Ef. 6:14; Tit. 2:4).

Hieruit is dit duidelik dat die verdere doel van die huwelik is om kinders voort te bring en op te voed sodat die menslike geslag, en in die besonder die kerk van die Here, daardeur in stand gehou en uitgebrei kan word.

2.3.3. Om 'n bolwerk teen ontug te vorm

Aangesien alle onkuisheid deur God vervloek is (Lev. 18; 1 Kor. 6:10; Hebr. 13:4), is die doel van die huwelik ook om 'n bolwerk teen ontug te vorm. Dit blyk duidelik as Paulus in 1 Kor. 7:2 verklaar: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou en elke vrou haar eie man hê" (vgl. ook v. 5).

Die bewering kan gemaak word dat hierdie doel by die eerste ingesluit is. As man en vrou vir mekaar werklik tot hulp is, sal hulle ook mekaar se behoefte aan geslagsgemeenskap in ag neem en daaraan voldoen.

Maar die feit dat Paulus dit pertinent noem en die feit dat alie mense van nature sondaars is en in 'n sondige wêreld lewe, terwyl God weer alle onkuisheid haat en veroordeel (Lev. 18), gee voldoende grond om dit as 'n afsonderlike doel van die huwelik te noem.

3. DIE PLEK VAN GESLAGSGEMEENSAP IN DIE HUWELIK

Het geslagsgemeenskap 'n eie plek en betekenis in die huwelik of moet dit slegs plaasvind as die verwekking van kinders beoog word? Dit is die vraag wat hier beantwoord moet word.

3.1. DIE ROOMSE STANDPUNT

Volgens die vroeëre standpunt van die Roomse Kerk was die voortbring van kinders die vernaamste doel van die huwelik (Huntemann, 1964:101). Hierdie standpunt word tans nie meer gehuldig nie, want in 1950 het Pous Pius XII die periodieke onthouding as voorbehoedemete uitdruklik toegestaan (Huntemann, 1964:102, 103).

Hierdie verandering van standpunt blyk ook uit die Nuwe Kategismus van die Roomse Kerk in Nederland. Daarin word verklaar dat niemand meer die mening toegedaan is dat geslagsgemeenskap slegs sin het as dit regstreeks op 'n geboorte gerig is nie (Nieuwe Kategismus, 1966:471).

3.2. DIE SIENING VAN DIE HERVORMERS EN DIE GEREFORMEERDES

Luther en Calvyn se standpunt was dat geslagsgemeenskap wesenlik sondig is, maar dit is binne die huwelik *verskoonbaar*, veral as dit plaasvind met die oog op die verwekking van kinders (Luther, 1959:365; 1962:49; 1973:26, 27; Calvyn, 1950:84; 1972:115).

Die gedagte dat die geslagsdaad slegs geregverdig kan word as dit die verwekking van kinders tot doel het, was tot onlangs die standpunt van baie Gereformeerdes (Aalbers, 1967:31, 54, 55). In Suid-Afrika het Coetzee (1941:339) ook hierdie standpunt ingeneem, en Kotzé (1969:11; 1981:17, 18) het hierdie siening selfs nog in 1969 en in 1981 verdedig.

Sedert die Eerste Wêreldoorlog het daar in hierdie verband geleidelik 'n verandering van sienswyse gekom. Die betekenis van geslagsgemeenskap is nie meer primêr en uitsluitend as geleë in voortplanting gesien nie. Al hoe meer is ingesien dat geslagsgemeenskap naas voortplanting ook 'n eie plek, waarde en betekenis het.

3.3. DIE ERKENNING VAN 'N EIE BETEKENIS VAN GESLAGSGEMEENSAP BINNE DIE HUWELIK

Teenoor diegene wat geslagsgemeenskap tot die verwekking van kinders wil beperk, neem Rijkse (1953:7, 11) tereg die standpunt in dat geslagsgemeenskap binne die huwelik ook 'n eie plek en betekenis bo en behalwe die verwekking van kinders het. Hy sê dat geslagsgemeenskap 'n onmisbare bestanddeel van die huweliksgemeenskap is. As dit onmoontlik gemaak word, beteken dit noodwendig 'n verminking van die huwelik (Rijkse, 1953:7).

Volgens Drogendijk (1964:47) is daar in geslagsgemeenskap veral drie motiewe aanwesig:

- die begeerte na bevrediging;
- die begeerte na voortplanting;
- die begeerte om in so 'n innig moontlike gemeenskap met die geliefde te verkeer.

Na die oordeel van Drogendijk (1964:48) is dit nou juis hierdie laaste begeerte wat die seksuele lewe van die mens tot 'n ander en tewens hoër vlak verhef as wat by diere die geval is. Geslagsgemeenskap het immers, volgens hom (1964, 49), 'n selfstandige betekenis as beleving van die wese van die huwelik, naamlik liefdesgemeenskap. Binne die huwelik is geslagsgemeenskap 'n besondere uitdrukkingsmiddel van die liefdeseenheid van man en vrou. Liefde soek nie net wederliefde nie maar wil hom ook in dae openbaar. Nou is daar verskeie maniere waarop die liefde getoon kan word, soos handdrukke, soene, liefkosings en omhelsings. Maar aan hierdie kenmerkende drang om homself in dae te openbaar wil die liefde op die duidelikste wyse uiting gee. Dit doen hy deur die geliefde ten volle te besit. Daarom is daar in die liefde die inherente drang na

die mees unieke liefdesdaad waardeur twee mense hulle ten volle aan mekaar weggee, naamlik geslagsgemeenskap.

Eindelik kom Drogendijk (1964:53) tot die volgende belangrike gevolgtrekking: Geslagsgemeenskap is nie net die toegee aan die drang na bevrediging nie; dit is ook nie net die gevolg van 'n diep gewortelde voortplantingsdrif nie, maar dit is die uiting van 'n vurige verlange om met die geliefde één te word.

Ook Aalbers (19677:62) sê dat geslagsgemeenskap 'n eie waarde in homself het en nie net 'n moontlikheid is om 'n nageslag te verkry nie. Volgens hom is geslagsgemeenskap een van die wesenlike vorms waardeur man en vrou binne die huwelik aan hulle liefde en trou vir mekaar uitdrukking gee en dit ook teenoor mekaar bevestig.

Bogenoemde siening word tans deur bykans alle behoudende Christelike etici gesteun, en daar is ook kerke wat dit deur sinodebesluite tot hulle amptelike standpunt gemaak het (Brillenburger Wurth, 1951:266, 267; Van Wyk de Vries, 1952:42; Piper, 1954:53, 67-69; Huntemann, 1964:97; De Vries, 1970:140, 141; Nederlandse Hervormde Kerk, 1959:22, 23; 1972:35, 36; Gereformeerde Kerken Nederland, 1964:19).

Konkluderend kan dus gesê word: Binne die huwelik as liefdesgemeenskap het geslagsgemeenskap nie net 'n plek en funksie met die oog op voortplanting nie, maar dit het ook 'n eie plek en betekenis in die sin dat dit deur man en vrou aangevoel word as een van die belangrikste maniere waarop hulle uiting gee aan hulle besondere liefde en trou aan mekaar en aan die innige wedersydse begeerte om in hulle liefde so na moontlik aan mekaar te kom en met mekaar één te word.

3.4. DIE GETUIENIS VAN DIE SKRIF

Hier moet nagegaan word of die Skrif aan geslagsgemeenskap binne die huwelik ook 'n ander plek en betekenis as die verwekking van kinders toeken.

In hierdie verband is 1 Kor. 7:2, 3 en 5 van besondere belang. Daar skryf Paulus: "Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê. Die man moet aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys, en net so ook die vrou aan die man... Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming vir 'n tyd lank om julle aan vas en gebed te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie".

Paulus skryf hierdie woorde om sekere gelowiges in die onsedelike Korinte, wat onder 'n verkeerde indruk verkeer het, reg te help. Hulle het naamlik gedink dat hulle geloof in Christus meebring dat hulle 'n asketiese houding moet inneem en òf nie moet trou nie òf, as hulle reeds getroud is, man en vrou geen geslagsgemeenskap met mekaar moet hê nie. Dan sal hulle in staat wees om die Here des te meer en beter te dien.

Maar dit was 'n mistasting. Trouens, omdat hulle die normale geslagsgemeenskap binne die huwelik nagelaat het, het die gevaar steeds groter geword dat hulle in die onkuise Korinte juis in ontug kan verval. Daarom sê Paulus dat die gelowiges behoort te trou sodat geslagsgemeenskap op die regte plek, naamlik binne die huwelik, kan plaasvind, want op die wyse kan die moontlike verleiding tot hoerery voorkom word. Om dieselfde rede sê hy dat die man en vrou wat reeds getroud is, nie geslagsgemeenskap van mekaar moet weerhou nie maar eerder moet sorg en toesien dat dit wel gereeld plaasvind. As daar 'n onthouding van geslagsgemeenskap is met die oog op vas en gebed, moet dit slegs plaasvind as albei partye daartoe toestem en boonop net vir 'n beperkte tyd, sodat die versoeking en verleiding nie vir een of albei van hulle te groot word nie.

Volgens Groenewald (1959:461) is dit duidelik dat die apostel volle begrip het "van die behoefte van getroudes. Bevrediging van hierdie behoefte is 'n natuurlike lewensverskynsel en, trouens, die huweliksgemeenskap is 'n roeping. Onthouding daarvan moet uitsondering bly". Tereg sê Piper (1954:69) ook: In 1 Kor. 7:3 beskou Paulus geslagsgemeenskap nie vanuit die oogpunt van voortplanting nie maar as 'n diens

wat beide partye wedersyds aan mekaar verskuldig is. En die grens word derhalwe nie bepaal deur die doel om kinders te verwek nie. As man en vrou hierdie gereelde geslags-gemeenskap van mekaar weerhou, *berooft* hulle mekaar in werklikheid van 'n bepaalde vorm van huweliksbelewing (vgl. Van Bruggen, 1978:27-29; Baltensweiler, 1967:157-159).

Gereelde geslagsgemeenskap *kan* en *moet* dus binne die huwelik plaasvind, ook as die verwekking van kinders nie beoog word nie. Man en vrou is dit aan mekaar verskuldig. Dit moet plaasvind om te voorkom dat die begeerte na seksuele bevrediging by gelowiges so groot word dat hulle maklik deur Satan verlei kan word om buite die huwelik bevrediging te vind en op die wyse in hoerery te verval.')

1) Hierdie verklaring van 1 Kor. 7:2, 3 en 5 word ook gesteun deur Baltensweiler (1967:153-159), Brillenburg Wurth (1951:206, 207), De Vries (1970:140, 141), Grosheide (1954:84, 85; 1957:180, 181), Nederlandse Hervormde Kerk (1959:22, 23), Pop (1965:125-128), H. Ridderbos (1966:342, 343), Simon (1971:88, 89), Volger (1956:109), Wilson (1971, 101-103).

4. GESINSVORMING EN GEBOORTEREËLING

4.1. GEBOORTEREËLING IS GEORLOOF

In die vorige afdeling (3) is aangedui dat geslagsgemeenskap 'n baie groter en omvattender funksie in die huwelik het as bloot die verwekking van kinders. Anders gestel: geslagsgemeenskap *kan* en *moet* plaasvind ook as die verwekking van kinders *beslis nie* beoog word nie. Vir 'n normale en gesonde huwelikslewe is gereelde geslagsgemeenskap beslis noodsaaklik. Die Skrif wys ook op die noodsaaklikheid daarvan. Want behalwe wat Paulus in 1 Kor. 7 sê (vgl. 3.4), is daar ook nog die bepaling in Ex. 21:10. Daar word voorgeskryf dat as 'n getroude man vir hom 'n tweede vrou neem, hy die eerste een se voedsel, klere en *huweliksgemeenskap* nie mag verminder nie.

In die lig hiervan is dit dus vir die Christen geoorloof en verantwoord om van bepaalde metodes en middele gebruik te maak om swangerskap te voorkom.

4.2. GEBOORTEREËLING IS WENSLIK EN NOODSAAKLIK

Geboortereëling is nie net wenslik nie maar ook noodsaaklik. Trouens, wat sal gebeur as geboortereëling *nie* toegepas word nie? As man en vrou gereeld geslagsgemeenskap het, soos dit in die huwelik behoort te wees, sal dit onder normale omstandighede tot gevolg hê dat daar bykans elke jaar gedurende die periode waarin die vrou vrugbaar is, 'n kind gebore sal word. Dit sal beteken — om 'n uitdrukking van Luther (1962:46) te gebruik — dat die vrouens en moeders hulle maar sal moet dood dra aan kinders.

Geen regdenkende mens, en allermens die Christen wat sy verantwoordelikheid voor God ken, sal bereid wees om hierdie konsekwensie te aanvaar nie.

Verskeie faktore maak geboortereëling noodsaaklik. In die besonder moet hier aan die gesondheid van die moeder gedink word. Om haar taak as vrou en moeder na behore te kan volbring moet sy geestelik en liggaamlik in so 'n goeie toestand moontlik wees. Dit kan sekerlik nie die geval wees as die een swangerskap voortdurend onmiddellik op die ander volg nie.

Die behoorlike opvoeding van die kinders is ook 'n belangrike faktor ten gunste van geboortereëling. In die huidige omstandighede word die sondige invloed van buite steeds sterker. Daarom moet aan die opvoeding en toerusting van die kinders tans sekerlik meer aandag bestee word as wat vroeër die geval was.

Die ouers sal hulle by die vorming van 'n gesin ook deeglik rekenskap moet gee of hulle geestelik en materieel aan die kinders kan gee wat hulle nodig het. Huislike omstandighede, bestaansmoontlikhede, erflike eienskappe, bevolkingsprobleme ens. is alles faktore wat geboortereëling beslis wenslik en soms noodsaaklik maak (vgl. Narramore, 1969:10-13).

Hierdie sake is baie belangrik, en Velema (1972:23-25) vestig tereg die aandag daarop dat die gebod van God nooit tot die mens kom sonder enige verband met die situasie waarin hy verkeer nie. Die mens moet God se gebod gehoorsaam binne die situasie waarin hy hom bevind. Dit beteken nie dat die situasie normatief is nie maar wel dat erkenning gegee word aan die feit dat dit God self is wat 'n mens in 'n bepaalde situasie plaas en dan van hom eis om *in die situasie* sy geboorte te gehoorsaam. So kom ook God se gebod tot gesinsvorming tot 'n egpaar binne die konkrete huweliksverbintenis en omstandighede waarin Hy hulle geplaas het.

4.3. GEBOORTEREËLING EN DIE GROOTTE VAN DIE GESIN

Wie bepaal die grootte van 'n gesin? Is dit God óf die mens? Is dit God en die mens?

Kinders moet allereers as 'n *gawe van God* gesien word — 'n gawe wat met innige en opregte dankbaarheid teenoor Hom ontvang en aanvaar word. Dit is die Skriftuurlike siening van kinders. In Ps. 127:3 word dit so gestel: "Kyk, seuns is 'n erfdeel van die Here; en die vrug van die moederskoot is 'n beloning" (vgl. Helberg, 1981:264, 265).

Op die vraag: Wie bepaal die grootte van die gesin? is die eerste antwoord dus: *Dit is God*. Dit is nie die mens wat soewereine beskikking oor die lewe en ook oor 'n nuwe lewe het nie; net God het.

Maar nou is dit baie belangrik om te weet *op watter wyse* God aan die mense kinders gee. God doen dit naamlik op so 'n wyse dat sy soewereine beskikkingsmag en beskikkingsreg oor die mens die mens se eie verantwoordelikheid nie ophef nie. God, van wie die mens volstrek en geheel afhanklik is, wil in sy genade die mens as instrument gebruik — ook in die vorming van 'n gesin. Maar ook in hierdie verband gebruik God die mens nooit as 'n magtelose en willose instrument nie (Aalbers, 19677:43).

Geslagsgemeenskap is 'n daad van mense, maar bevrugting is 'n daad van God. In sy vrymagtige welbehae gebruik God egter die geslagsgemeenskap van mense as middel om bevrugting te bewerk. Anders gestel: God vorm die lewe van die mens, maar Hy doen dit op so 'n wyse dat Hy die mens as draer van verantwoordelikheid die lewe van nuwe mense laat vorm. God vorm die mens, maar Hy laat die mens as verantwoordelike wese aan die verwekking van kinders en die vorming van 'n gesin meedoen (Aalbers, 19677:43).

Hierin mag die mens 'n medearbeider van God wees (vgl. 1 Kor. 3:9). Daarom moet hy sy verantwoordelikheid duidelik sien en ken.

In verantwoordelikheid en gehoorsaamheid aan die ordinansie van God (Gen. 1:28) moet ouers nie kinders *kry* nie maar kinders *voortbring*.

Ouers moet baie ernstig waak teen 'n houding of gesindheid wat Brillenburg Wurth (1951:257) "huweliksfatalisme" noem. Hy verklaar hierdie woord soos volg: Daarmee bedoel ons die gees van swygende maar tog innerlik ontevrede en protesterende berusting waarmee 'n kind of 'n hele reeks van kinders by geboorte, nou ja, ontvang word omdat 'n mens nou eenmaal niks daaraan kan of mag doen nie, maar so dat hulle dit tog eintlik meer as 'n noodlot ondergaan as wat hulle dit as 'n vreugde en 'n seën vrywillig aanvaar (vgl. Duvenage, 1973:5).

Hierdie gesindheid mag nie by gelowiges gevind word nie. Die verwekking en geboorte van kinders is nie fatalistiese gebeurtenisse waarteenoor 'n mens magteloos staan soos teenoor 'n onafwendbare noodlot sodat hy passief en gelate "die natuur" maar sy gang laat gaan nie. Man en vrou mag nie op 'n onverantwoordelike wyse met geslagsgemeenskap voortgaan nie, veral nie in tye en omstandighede as die verwekking en geboorte van kinders uiters ongeskik en ongewens is nie, en dan, met verwerping van alle voorbehoedmetodes en voorbehoedmiddels, met die skynbaar vroom redenasie kom dat as God wil dat daar kinders gebore moet word, hulle tog niks daaraan kan doen nie en dat hulle dit maar so moet aanvaar in die vertrouwe dat die Here ook sal sorg dat alles goed gaan. So 'n houding is veel eerder 'n verwerping van verantwoordelikheid as wat dit die openbaring van opregte geloofsvertroue is. Teenoor hierdie houding en gesindheid staan die duidelike woorde van die Here Jesus, aangehaal uit die wet van Moses: "Jy mag die Here jou God nie versoek nie" (Matt. 4:7; Deut. 6:16).

Dit is nie waar dat die mens niks kan doen om die verwekking en geboorte van kinders te reël of te voorkom nie. *Hy kan wel!* — deur die verantwoordelike gebruik van voorbehoedmetodes en voorbehoedmiddels. God het die mens immers nie beveel om hom passief neer te lê by die natuurlike verloop van sake wat soos 'n grimmige noodlot oor hom kom nie, maar om oor die skepping te heers (Gen. 1:28). Dáárom is man en vrou ook in die vorming van 'n gesin ten volle voor God verantwoordelik, omdat hulle ook daarin heersers moet wees.

Op die vraag wie die grootte van 'n gesin bepaal, moet in die lig van die voorgaande soos volg geantwoord word:

- In die besef van God se soewereine beskikkingsmag en beskikkingsreg oor die lewe van die mens en van die mens se volkome afhanklikheid van Hom moet man en

vrou, in die besef van hulle groot verantwoordelikheid voor Hom, *selfbesluit enersyds* of en wanneer daar nog 'n kind by die gesin bygevoeg moet word, en *andersyds* of hulle onwilligheid om op die bepaalde tydstip nog 'n kind of kinders by hulle gesin te voeg, werklik voor God verantwoord kan word en of hulle houding in die verband nie deur egoïstiese, eersugtige, materialistiese of ander sondige motiewe beheers word nie. Ook in hierdie verband geld die woorde van die Paulus: "Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees" (Rom. 14:5).

- "So verantwoordelik as wat dit vir enige egpaar is om baie kinders te hê as hulle nie oor die stoflike en geestelike middele beskik om die kinders goed op te voed nie, so onverantwoordelik is dit vir egpare wat die vermoëns wel besit, om geen of slegs een of twee kinders te hê" (Van Wyk, 1983:2).
- 'n Finale besluit oor die grootte van 'n gesin mag nie aan die begin van 'n huwelik geneem word en dan rigoristies daaraan vasgehou word nie. Met die loop van jare en met die verandering van omstandighede sal man en vrou telkens opnuut 'n besluit hieroor voor die aangesig van God moet neem.
- Indien 'n kind wat nie beplan is nie, tog verwek en gebore word, moet hy of sy net soos enigeen van die ander kinders met dankbaarheid uit die hand van God ontvang word en in die gesin verwelkom word.

Samevattend kan dus oor die vorming van 'n gesin deur 'n Christelike egpaar gesê word dat daar:

- ♦ *geen huweliksfatalisme* mag wees waarin hulle Gods water maar oor Gods akker laat vloei en hulle hulle verantwoordelikheid voor Hom verwerp nie;
- ♦ *geen geboortebepkering* mag wees met die doelbewuste strewe om vanweë gemaksug, egoïsme, ongeloof, materialisme ens. die getal kinders tot die minimum te beperk nie;
- ♦ • in verantwoordelikheid voor God *geboortereëling* moet wees waarin nie na die minimum of die maksimum getal kinders gestreef word nie maar na die optimum: soveel kinders as wat vir die egpaar in hulle spesifieke omstandighede moontlik en wenslik is (Drogendijk, 1964:102-103; vgl. Schilder, 1972:54-56).

Deur verantwoordelike geboortereëling sal die Goddelike ordinansie: "Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde" (Gen. 1:28) in gehoorsaamheid aan God nagekom word. Hierdie opdrag is wel nie aan 'n enkele ouerpaar gegee nie maar aan die hele menslike geslag. Tog moet dit in elke gesin sy konkrete verwesenliking vind.

4.4. DIE WYSE VAN GEBOORTEREËLING

Uit die voorgaande is dit duidelik dat geboortereëling nie slegs prinsipiël in die lig van die Skrif verantwoord kan word nie maar vir die normale huwelikslewe wenslik en selfs noodsaaklik is.

Nou is daar mense wat wel bereid is om geboortereëling te laat plaasvind deur die aanwending van sekere voorbehoedmiddels, soos periodieke onthouding, maar ernstige beswaar het teen die gebruik van voorbehoedmiddels omdat hulle dit as onnatuurlik beskou en daarom van oordeel is dat dit in stryd is met God se wil.

Hierdie beswaar dra egter weinig gewig. Trouens, as daar eenmaal op geboortereëling besluit is, is dit om 't ewe of daar van voorbehoedmetodes of voorbehoedmiddels gebruik gemaak word. *In beide gevalle word immers gepoog om bevrugting en swangerskap te voorkom.* En aangesien die voorbehoedmiddels in die reël doeltreffender as die voorbehoedmetodes is en derhalwe vir die egpaar minder spanning veroorsaak en meer gemoedsrus aan hulle gee, is dit logies dat dit die beste is om daarvan gebruik te maak.

Die beswaar dat hierdie middels die mens, en veral die gelowige, van die noodsaaklike oefening in selfbeheersing beroof, dra miskien gewig. Daarteenoor staan egter die

woorde van Paulus in 1 Kor. 7:5, wat daarop dui dat gereelde geslagsgemeenskap juis moet plaasvind om te voorkom dat Satan die mens verlei omdat hy homself nie altyd na wense kan beheers nie.

Ook die beswaar dat die mens deur hierdie middels in die heilige werk van God se voorsienigheid ingryp en sy skeppende werk sou probeer verhinder, kan nie aanvaar word nie, want die voorsienigheid van God sluit die gebruik van middels deur die mens nie uit nie. Die menslike middels is in sy voorsienige plan opgeneem. As 'n mens om hierdie rede teen voorbehoedmiddels is, sal ook die immunisering teen siektes en die versekering teen skade afgewys moet word. Daarteenoor leer die Skrif dat gelowiges nie blindelings die toekoms moet ingaan nie maar ook die nodige voorsorgmaatreëls tref waar dit nodig is (Luk. 14:28-32).

- *Samevattend kan dus gesê word dat daar geen beswaar is teen die gebruik van voorbehoedmiddels op 'n wyse wat voor God verantwoord kan word nie (vgl. Gereformeerde Kerken Nederland, 1964:55).*

4.5. MODERNE GEBOORTEREËLING EN DIE CHRISTEN SE VERANTWOORDELIKHEID

Die saak wat aan die einde van die vorige samevattende paragraaf genoem is, is baie belangrik: die voorbehoedmiddels moet gebruik word op 'n wyse wat voor God verantwoord kan word.

Alle gewes van God, soos die motor, elektrisiteit, 'n operasiemes ens., kan tot 'n seën gebruik of tot 'n vloek misbruik word. Dit geld ook van die voorbehoedmiddels. As dit misbruik word sodat die Blankes in Suid-Afrika uitsterf weens 'n gebrek aan kinders, dan het dit 'n vloek geword waardeur die oordeel van God oor die Blankebeskawing in Suid-Afrika gebring word.

- *In die verband moet Christene goed besef dat hoe veiliger die voorbehoedmiddels is, hoe groter is hulle verantwoordelikheid voor God wat die vorming van 'n gesin betref (vgl. De Bruyn, 1981b: 12; Velema, 1977:68, 69).*

Waar dit in die verlede, toe daar nog nie veilige voorbehoedmiddels was nie, dikwels gebeur het dat kinders verwek en gebore is wat "nie beplan is nie" en op die wyse soms selfs groot gesinne gevorm is, sal die veilige voorbehoedmiddels wat tans beskikbaar is, tot gevolg hê dat swangerskap slegs op 'n bewuste besluit van man en vrou sal volg. Daarom is hulle verantwoordelikheid voor God nou baie groter as voorheen.

5. GESINSVORMING IN CHRISTELIKE PERSPEKTIEF

5.1. GESLAGSGEMEENSAP EN GESINSVORMING

Een van die wesenseienskappe van geslagsgemeenskap is daarin geleë dat dit die middel of handelwyse is waardeur bevrugting kan plaasvind. En dan moet daarby onthou word dat dit God self is wat hierdie besondere funksie aan geslagsgemeenskap verbind het.

Wijngaarden (1969:177) sê dat geslagsgemeenskap die liggaamlike uiting is van die liefdesoorgawe wat die wonder in hom dra dat 'n nuwe lewe, 'n nuwe mens daaruit kan voortkom. Maar omdat hierdie unieke betekenis aan geslagsgemeenskap verbind is, beteken 'n willekeurige skeiding tussen liefde en voortplanting 'n tekort aan liefde en 'n vervlakking van die seksualiteit.

Dit beteken dat waar bevrugting sonder wettige redes doelbewus permanent voorkom word, geslagsgemeenskap op die lang duur in sy wese aangetas word.

5.2. GESINSVORMING: SEËN EN ROEPING

Wat leer die Skrif oor die vorming van 'n gesin?

Volgens Gen. 1:27, 28 het God die mens as man en vrou geskep. "En God het hulle geseën en aan hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde". En na die sondvloed het God Noag en sy seuns op 'n soortgelyke wyse geseën en aan hulle dieselfde opdrag gegee (Gen. 9:1).

Hieruit is dit duidelik dat die verwekking en geboorte van kinders in die huwelik 'n *seën* en 'n *roeping* is (Douma, 1976:86).

- Dit is 'n *seën* dat God aan mense die vermoë gegee het om nuwe mense in die wêreld te bring wat aan hulle 'n lewensvolheid en lewensvreugde kan gee (Ps. 127:4).
- Dit is 'n *roeping* wat God op hulle gelê het om gewillige instrumente in sy hand te wees en te sorg dat die menslike geslag bly voortbestaan en dat sy aarde met mense gevul word.

Ook ná die koms van Christus bly die voortbring van kinders 'n *seën* en 'n *roeping*. Daarom sê Paulus dat die vrou "gered sal word deur kinders te baar" (1 Tim. 2:15). Dit beteken dat daar deur die vrou 'n nuwe mensheid voortgebring word wat uiteindelik die nuwe aarde onder 'n nuwe hemel sal bewoon. Ook in 1 Tim. 5:14 wys Paulus op hierdie roeping van die vrou as hy sê: "Ek wil dan hê dat die jong weduwees moet trou, kinders baar, hulle huise regeer...". Volgens Paulus was dit dus die normale gang van sake dat die sluiting van die huwelik deur die voortbring van kinders gevolg moet word.

5.3. GESINSVORMING EN DIE VERBOND VAN GOD

As 'n Christen oor gesinsvorming besin, moet hy dit altyd in die lig van die verbond van God doen. Dit is 'n saak van die allergrootste belang.

Kragtens die verbond van God kom 'n kind van gelowige ouers — 'n verbondskind dus — *anders* in die wêreld as een wat buite die verbond gebore is. Die verskil is daarin geleë dat die verbondskind onder die dekking van God se verbondsbeloftes aan hom of haar gebore word, terwyl hierdie beloftes van God nie aan kinders van ongelowige ouers gegee word nie, omdat hulle buite die verbond gebore word.

By die verbondsluiting met Abraham as vader van al die gelowiges het God aan hom gesê: "En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou" (Gen. 17:7). Hier beloof God aan Abraham en sy nageslag wat in Hom sal glo, dat Hy vir hulle en hulle kinders 'n God sal wees wat hulle op hulle pad deur die lewe sal bewaar, beskerm, lei en help. Uiteindelik sal Hy hulle daartoe bring om die ewige saligheid te beërwe.

Hierdie versekering van God is op Pinksterdag opnuut bevestig toe Petrus aan die verbondsvolk gesê het: "Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep" (Hand. 2:39). Hierdie belofte wat hulle en hulle kinders toekom, is die van redding en ewige saligheid op grond van die soenverdienste van Jesus Christus. Maar die belofte impliseer ook dat hulle gedurende hulle hele lewe die voorwerpe van die besondere sorg en bystand van die Here is.

Dit is onder die dekking van hierdie beloftes van God dat 'n verbondskind gebore word. En dit moet verbondsouers in 'n vaste geloofsvertroue altyd onthou.

Hierdie verbondsbeloftes beteken weliswaar nie dat verbondskinders nooit in die lewe probleme, krisis en beproewings sal ondervind nie. Maar dit beteken wel dat hulle *midde-in hulle probleme altyd op die besondere hulp en bystand van die Here kan staatmaak*. Hy het Homself immers deur sy eie beloftes tot die hulp en steun aan die verbondskinders verbind. En die beloftes het Hy self boonop deur die doop beseël en bekragtig.

In die praktyk beteken dit dat die gelowige man en vrou anders as die ongelowiges na gesinsvorming kyk.

Die ongelowiges kyk net na die sogenaamde harde werklikheid. Dan sien hulle sake soos die beweerde oorbevolking van die wêreld; die moontlikheid van 'n tekort aan kos en klere in die toekoms; die dreigende gevaar van 'n volgende wêreldoorlog; die moontlikheid van rassebotsings, met al die benouende gevolge; die gevaar van allerlei vorme van besoedeling en die uitwerking wat dit op kinders kan hê; die stygende lewensduurte en hulle eventuele onvermoë om hulle kinders akademies en materieel na behore toe te rus vir die toekoms.

Die gelowige sien al hierdie dinge ook, en hy sal 'n dwaas wees as hy nie daarmee rekening hou nie. En tog is sy siening van die "harde werklikheid" anders as die van die ongelowige, want dit is vollediger. Vir die gelowige is God met sy verbondsbeloftes immers deel van die "harde werklikheid", en dit maak 'n baie groot verskil. In die geloof weet hy dat wat by die mens onmoontlik is, by God wel moontlik is (Mark. 10:27; Luk. 1:37). Dit beteken nie dat hy nou maar onverantwoordelik en roekeloos kan optree en God op die proef stel nie (Deut. 6:16; Matt. 4:7). Maar dit beteken wel dat hy weet dat God se vermoë baie verder strek as die van die mens.

God kan sy kinders in staat stel om al bogenoemde probleme en nog baie meer te oorleef en as sterker en beter mense anderkant uit te kom. Daarby *kan* God dit nie alleen doen nie, maar kragtens sy verbond beloof Hy ook aan sy uitverkore kinders dat Hy dit *sal* doen (Openb. 3:10). Daarom moet die gelowige ouerpaar wel deeglik rekening hou met allerlei probleme wat reeds aanwesig is of nog kan opduik, maar hulle hoef hulle nie soos die ongelowige daarteen blind te staar nie.

Tereg sê Velema (1972:33) in hierdie verband: Wie die moeilike tyd waarin ons kinders moet opgroeï, aanvoer as 'n motief om gesinne klein te hou, doen dit asof God sy werk in hierdie tyd nie sou voortsit nie.

5.4. GESINSVORMING EN DIE KONINKRYK VAN GOD

In die tweede bedede bid die gelowige vir die koms en uitbreiding van God se koninkryk. Volgens die Heidelbergse Kategismus (antw. 123) beteken hierdie bedede immers dat God onder andere gevra word om sy kerk te bewaar en te *vermeerder*. En al is die kerk en die koninkryk van God nie identies nie, is hulle tog so nou aan mekaar verbonde dat die vermeerdering van die kerk noodwendig ook die uitbreiding van God se koninkryk beteken.

Die vermeerdering van die kerk vind wel plaas deur sending en evangelisasie, maar dit word veral verwerklik deur verbondskinders wat gebore word en in die vrees van die Here opgevoed word. En hoe meer verbondskinders gebore word en godvresend opgevoed word om hulle Godgegewe roeping op aarde te vervul, hoe meer word die

koninkryk van God uitgebrei.

Die koninkryk van God het mense nodig — nie in die sin dat God van mense afhanklik is of dat sy koninkryk met mense staan of val nie. Tog is daar 'n wonderlike vervlegtheid tussen God se handeling en ons verantwoordelikheid (Velema, 1972:33).

Een van die normaalste en mees organiese wyses waarop God sy koninkryk uitbrei, is deur die diens van mense wat Hy uitverkies en opdrag gee om as die lig van die wêreld en die sout van die aarde gewillige instrumente in sy hand te wees. En hoe meer sulke mense daar is, hoe groter is hulle invloed en hoe meer word die koninkryk van God uitgebrei.

Onverantwoordelike beperking van getalle by die vorming van gesinne beteken dus onteenseglik dat die koninkryk van God daardeur skade aangedoen word, omdat daar dan nie genoeg mense is wat die lig van die evangelie in al die fasette van die lewe kan indra nie.

Wie ter wille van eie gerief en gemak die getal kinders beperk, is egoïsties en maak nie genoeg erns met hulle roeping om aktief mee te help met die uitbreiding van God se koninkryk nie.

5.5. DIE CHRISTEN: POSITIEF TEENoor GESINSVORMING

As gesinsvorming gesien word in die lig van die roeping wat God op die mens geplaas het (5.2), en verder in die lig van die verbond van God (5.3) en die koninkryk van God (5.4), *dan kan die Christen nie anders as om positief teenoor die vorming van 'n gesin te staan nie*. Daarom mag 'n Christen-egpaar nie tevrede wees om ter wille van eie gemak en gerief die kleinste getal kinders te hê wat aan hulle voldoende genot en plesier kan verskaf nie. Nee, hulle moet die getal kinders hê wat, in hulle spesifieke omstandighede, binne hulle vermoë is om in die wêreld te bring en na behore te versorg en op te voed.

Daarby sal sulke ouers baie eerlik moet wees oor die *omstandighede* waarin hulle verkeer. Hierdie omstandighede word dikwels aangevoer as rede waarom daar geen verdere gesinsuitbreiding kan wees nie, terwyl die eintlike rede veel eerder gesoek moet word in gemaksugtigheid en 'n gebrek aan bereidheid om op te offer. Bowendien, al sou omstandighede soms wel enigsins moeilik wees, moet die Christen-egpaar wat met die oog op die verbond van God lewe, steeds in gedagte hou dat God altyd meer is as hulle omstandighede. Vanselfsprekend moet hulle met die verstand wat God aan hulle gegee het, wel met hulle omstandighede rekening hou maar hulle tog nie so blind staar daarteen dat hulle te kort doen aan wat God in sy verbond aan hulle beloof het nie (Velema, 1972:32).

6. BEVOLKINGSGROEI

6.1. INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die aandag gevestig op die probleme in verband met bevolkingsgroeï in Suid-Afrika en die roeping wat daardeur aan die Christen ten opsigte van gesinsvorming opgelê word.

Om 'n duidelike perspektief op sake te verkry word die begrip *oorbevolking* eers behandel; daarna word enkele gegewens betreffende bevolkingsgroeï in die wêreld as geheel verstrekk, sodat die bevolkingsgroeï in Suid-Afrika teen die agtergrond daarvan gesien en beoordeel kan word.

6.2. WAT IS OORBEVOLKING?

Wanneer daar oor die begrip *oorbevolking* besin word, beteken dit dat antwoord gegee moet word op die vraag na die getal mense wat 'n bepaalde land kan dra. En vanselfsprekend word hierdie getal nie slegs deur die grootte van die betrokke land bepaal nie maar ook deur sake soos die mineraalrykdom, die geleenthede vir die ontwikkeling van nywerhede en veral deur die geleenthede vir landbou, veeteelt, vissery ens. Daarom sal die drakrag van 'n onvrugbare gebied met 'n lae reënval vanselfsprekend baie kleiner wees as die van 'n vrugbare gebied met 'n hoë reënval. Aan die ander kant kan so iets soos besoedeling ook oorbevolking in die hand werk deurdat 'n vrugbare en bewoonbare gebied in mindere of meerdere mate onvrugbaar en onbewoonbaar gemaak word (vgl. Roscam Abbing, 1973:26).

Hieruit is dit duidelik dat oorbevolking dui op die situasie wat daar in 'n bepaalde land (of in die wêreld) kan ontstaan as die inwoners se getalle so toeneem of die produksie van lewensmiddele en die lewensmoontlikhede so afneem dat daar nie meer voldoende lewensruimte vir almal is nie en die beskikbare inkomste, lewensmiddele en lewensmoontlikhede nie meer voldoende is om in almal se basiese behoeftes te voorsien nie.

In die lig van wat hierbo gesê is, kan die volgende definisie gegee word:

- *Oorbevolking* is 'n situasie waarin daar 'n *wanbalans* ontstaan tussen die getal mense aan die een kant en die hoeveelheid voedsel en die mate van lewensruimte beskikbaar aan die ander kant (vgl. Rushdoony, 1971:10).

6.3. BEVOLKINGSGROEI IN DIE WÊRELD

In die verslag van die Wetenskapskomitee (1983:5) wat in Maart 1983 aan die Presidentsraad voorgelê is, word die vinnige groeï van die wêreldbevolking soos volg aangedui: "Die versnelling in die groeitempo van die wêreldbevolking word toegelig deur die feit dat die 1 000 miljoenkerf eers in die jaar 1800 bereik is, terwyl die toevoeging van die volgende 1 000 miljoen 130 jaar geneem het (1930), die derde 1 000-miljoentoevoeging 30 jaar (1960) en die vierde 1 000-miljoenvermeerdering slegs 15 jaar (1974)".

Sedert die middel van die sestigerjare het daar 'n wending in die groeikoers van die wêreld gekom, want van toe af was daar 'n daling — hoewel gering — waar daar tevore slegs 'n styging was. Die gemiddelde groeikoers was 1,95% per jaar in die periode 1975-1980 met 0,85% vir die ontwikkelde deel en 2,37% vir die ontwikkelende deel. Na verwagting sal dit teen die jaar 2000 daal na 1,64% vir die wêreld as geheel, met 0,60% vir die ontwikkelde deel en 1,94% vir die ontwikkelende deel (Wetenskapskomitee, 1983:6).

In 1981 was die wêreldbevolking 4 492 miljoen "met 1 144 miljoen (25%) in die ontwikkelde wêrelddeel en 3 348 miljoen (75%) in die ontwikkelende wêrelddeel" (Wetenskapskomitee, 1983:6).

Teen hierdie agtergrond moet die bevolkingsgroeï in Suid-Afrika gesien word.

6.4. BEVOLKINGSGROEI IN SUID-AFRIKA

Volgens statistiese gegewens sien die bevolkingsgroei van die totale bevolking in Suid-Afrika soos volg daar uit (Wetenskapskomitee, 1983:9). Die getalle dui duisende aan.

Jaar	Totale bevolking	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes
1904	5 175	122	1 117	445	3 490
1936	9 590	220	2 004	770	6 597
1951	12 671	367	2 642	1 103	8 560
1960	16 003	447	3 088	1 509	10 928
1970	21 794	630	3 773	2 051	15 340
1980	28 654	821	4 528	2 613	20 692
Groeikoers van 1904 tot 1980 (% per jaar)					
	2,28	2,54	1,86	2,36	2,37

In 'n publikasie van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing word die volgende projeksies oor die groei van die verskillende bevolkings in Suid-Afrika deur Mostert en Van Tonder (1982:33) gemaak (miljoene):

Jaar	Asiërs	Blankes	Kleurlinge	Swartes	Totaal
Gemiddelde kindertal van 3:					
2000	1,2	5,6	3,7	31,5	28,5
2025	1,8	7,5	5,7	49,1	64,1
2050	2,7	10,3	8,3	73,2	94,2
2155	12,8	47,2	39,9	350,3	450,2
Gemiddelde kindertal van 2,5:					
2000	1,1	5,5	3,6	30,9	41,1
2025	1,6	6,9	4,9	44,1	57,5
2050	2,0	8,2	6,2	57,7	74,1
2155	4,7	19,0	15,0	139,4	178,1
Gemiddelde kindertal van 2:					
2000	1,1	5,3	3,5	30,9	40,8
2025	1,4	5,9	4,4	40,2	51,9
2050	1,5	6,1	4,9	45,8	58,3
2155	1,6	6,3	5,1	48,7	61,7

Indien hierdie syfers nou vergelyk word met die konkrete situasie in Suid-Afrika wat die beskikbaarheid van lewensmiddele en aanvaarbare lewens-moontlikhede betref, kan sonder twyfel ernstige probleme voorsien word. Ter illustrasie van dergelike probleme word die aandag hier slegs op twee sake gevestig, naamlik die beskikbaarheid van water en die beskikbaarheid van werkgeleenthede.

Wat die *beskikbaarheid van water* aangaan, word in die verslag van die Wetenskapskomitee (1983:171) die volgende verklaar: "'n Bevolking van tussen 70 en 80 miljoen mense word beskou as die maksimum getal wat deur die beskikbare waterbronne onderhou kan word. (Maar) daar sal 'n tekort aan water in verskeie nywerheidstreke wees lank voordat die bevolking die 70-miljoenkerf bereik het".

Dit kom dus daarop neer dat, al word die beste tegnologiese en wetenskaplike vermoëns aangewend, daar eenvoudig nie genoeg water in Suid-Afrika beskikbaar is om in die

behoeftes van meer as ongeveer 70 miljoen mense te voorsien nie. Hierdie ongeveer 70 miljoen kan dus onder die huidige omstandighede as 'n onontkombare grenslyn beskou word.

Oor die voorsiening van *voldoende werkgeleenthede* verklaar die Wetenskapskomitee (1983:188) "dat daar in 1981 ongeveer R9 000 miljoen vir nuwe beleggings beskikbaar was, wat daarop neerkom dat daar ongeveer 134 000 nuwe werkgeleenthede geskep sou kon word". Maar intussen was die getal werksoekers in 1982 ongeveer 292 000. Dit beteken dat daar in die jaar aan 158 000 werksoekers nie werk verskaf kon word nie. En namate die getal van die gesamentlike bevolking groei, sal die probleem al hoe groter word.

Die afleiding wat hieruit gemaak moet word, is dat "*die Suid-Afrikaanse ekonomie nie naastenby aan al die werksoekendes werk kan verskaf nie*" (Wetenskapskomitee, 1983:188). En as die probleem tans alreeds so groot is, hoeveel groter gaan dit nie in die toekoms word as die verskillende bevolkings op 'n onbeheerde wyse bly groei nie?

6.5. GEVOLGTREKING

Uit die gegewens in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat uiters ernstige probleme in die toekoms kan ontstaan as groot getalle kinders sonder die nodige besinning en verantwoordelikheid verwek en voortgebring word. 'n Situasië kan ontstaan waar daar nie meer in mense se basiese behoeftes voorsien kan word nie, met hongersnood en dergelike probleme tot gevolg. Wie help om so 'n situasië te skep, tree onverantwoordelik op voor God en teenoor die medemens.

7. DIE VERNAAMSTE OORSAKE VAN KRIMPENDE KINDERTAL ONDER BLANKES IN SUID-AFRIKA

Indien gepoog word om vas te stel wat die oorsake van die krimpene kindertal onder die Blankes in Suid-Afrika is, blyk dit heel gou dat daar 'n magdom van faktore is wat ouers motiveer om hulle kindertal te beperk. Aan die hand van die ondersoek van Cronjé en andere wat in 1958 onder die titel *Krimpene kindertal* gepubliseer is, kan die vernaamste faktore wat die krimpene kindertal veroorsaak, soos volg aangedui word (1958:105-156). Hoewel die ondersoek byna dertig jaar gelede gedoen is, is dit tans nog in 'n groot mate geldig. Daarom kan met vrymoedigheid daarby aangesluit word.

7.1. LIGGAAMLIKE EN GESONDHEIDSFAKTORE

Daaronder word faktore soos die volgende verstaan: steriliteit by een of albei ouers, swak gesondheid van een of albei ouers, miskrame en doodgeboortes, ens. Hierdie groep oorsake kan in 'n groot mate as *onvermydelike faktore* beskou word, omdat daarin weinig ruimte vir die keuse of beslissing van die betrokke ouers gelaat word om hulle gesinne te vergroot, omdat dit normaalweg buite die mens se vermoë is.

7.2. GELDELIKE FAKTORE

Dit dui op sake soos die volgende: bevallingskoste, uitgawes verbonde aan die opvoeding en onderwys van die kinders, die koste van behuising of huisvesting, studieskulde, die hoë lewensduurte, met besondere verwysing na kos en klere, ens. Die praktyk het egter getoon dat hierdie sake dikwels *slegs rookskerms* is waardeur 'n innerlike onwilligheid om (meer) kinders te hê bedek word, en dat dit om die rede nie altyd as werklik verhinderende faktore aanvaar kan word nie. In die mate wat geldelike faktore wel 'n rede vir die krimpene kindertal is, sou 'n mens dit volgens Piek (1961:115) veel eerder moet toeskryf aan "die hoë lewensstandaard wat steeds meer algemeen word, algemeen nagestreef word en gehandhaaf wil word en waarvoor groot gesinne 'n belemmering is" (vgl. ook Jansen van Ryssen, 1944:61- 63).

7.3. PSIGOSOSIALE FAKTORE

Die faktore wat onder hierdie opskrif saamgevat word, is onder andere die volgende: 'n ongelukkige huwelikslewe; die beskouing dat kinders ouers te veel bind en daarom 'n las is; die gedagte dat die grootmaak en opvoeding van kinders 'n moeilike taak is en soms te veeleisend is; die man is te besig en/of uithuisig, en die vrou sien nie kans om die kinders alleen groot te maak en op te voed nie; die vrou se voorkoms sal ontsier word as sy aan meer kinders geboorte moet skenk; dit is mode om net een of twee kinders te hê; een of twee kinders kan makliker en beter gehanteer en versorg word; onsekere wêreldtoestande en dreigende oorloë; die studie en/of loopbaan van die vrou kom in gedrang, ens.

Hoewel sekere van hierdie faktore in bepaalde gevalle 'n mate van meriete kan hê, is dit in die meeste gevalle ongegrond en openbaar slegs 'n *gebrek aan bereidheid om op te offer*.

7.4. DIE PROSES VAN ONTKERSTENING

'n Faktor wat nie deur Cronjé en andere pertinent in hierdie verband genoem word nie, is die verswakking van die godsdienstige invloed in die persoonlike gedrag van mense (vgl. Piek, 1961:115). Omdat die invloed van die Christelike godsdiens in baie opsigte in Suid-Afrika besig is om te verswak, leef selfs baie Christene nie meer met die oog op God en sy verbond nie: hulle gryp nie vas aan sy verbondsbeloftes vir hulle en hulle kinders nie en rig nie hulle lewe volgens sy verbondseise in nie. Die gevolg is dat daar by die oorweging van 'n uitbreiding van die gesin slegs na aardse en menslike omstandighede en faktore gekyk word — wat ouers dikwels negatief ten opsigte van gesinsvorming beïnvloed — en dat die uitbreiding van die gesin nie in die geloof in God en in die vertrouwe op sy onverbreekbare verbondsbeloftes aangedurf word nie (vgl. Jansen van Ryssen, 1944:58-61).

7.5. DIE PROPAGANDA VAN AKSIE: GESINSBEPLANNING

'n Ander faktor wat veral vanaf ongeveer 1970 'n groot rol gespeel het in die vermindering van Blankegeboortes, is die propaganda vir kleiner gesinne deur die *Aksie: gesinsbeplanning* van die Departement van Gesondheid en Welsyn. Soos in 1.2 reeds aangedui is, word groot bedrae geld deur hulle bestee, en hulle het ook 'n redelike groot mate van welslae behaal.

7.6. SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Reeds in 1958 het Cronjé en andere (p. 165) die aandag daarop gevestig dat die faktore genoem in 7.1, 7.2 en 7.3 daartoe bygedra het dat daar in Suid-Afrika 'n "omgewing" ontstaan het wat kinders nie goedgesind is nie. Hulle stel dit so: "Een van die vernaamste gevolgtrekkings wat uit die gegewens, asook uit 'n bestudering van die skedules, gestel kan word, is dat die meeste ouers slegs gesinne van middelmatige grootte wil hê. Daar bestaan egter honderde hindernisse, sommige eg en wesenlik en ander nietig, selfsugtig en denkbeeldig wat hierdie gesinne verhinder om hierdie middelmatige grootte te bereik. Eintlik skyn dit of daar feitlik niks in die hele gekompliseerde en onderling verbonde sosiale, kulturele, ekonomiese en gesondheidstoestand is wat *nie* die ouers op een of ander wyse beïnvloed wanneer hulle moet besluit of hulle (nog) 'n kind wil hê of nie. *Die hele lewenstoestand skyn derhalwe van so 'n aard te wees dat die meeste ouers skaars iets anders as klein gesinne kan hê; hierdie klein gesinne skyn feitlik maar net hulle reaksie te wees op 'n algehele fisieke, kulturele en sosiaal-ekonomiese omgewing wat 'kinders' nie juis te goedgesind is nie*".

As dit die situasie in 1958 was, kan op grond van die Blankegeboortesifer wat sedertdien heelwat gedaal het, gesê word dat dit tans in 'n veel groter mate die geval is.

Terwyl dit in 5.5 duidelik aangetoon is dat die Christen nie anders kan as *om positief* teenoor die vorming van 'n gesin te staan nie, blyk dit, op grond van bogenoemde faktore, dat daar onder die Blankes in Suid-Afrika 'n lewenshouding ontstaan het wat *negatief* ingestel is teenoor kinders, of — om dit miskien suiwerder te stel — teenoor meer as twee kinders per gesin. Ouers wil dikwels slegs ter wille van hulleself een of twee kinders hê maar wil nie daaraan dink dat dit in belang van kerk, volk en land noodsaaklik kan wees om meer kinders te hê nie.

8. DIE TAAK EN ROEPING VAN DIE BLANKE-CHRISTENE IN SUID-AFRIKA TEN OPSIGTE VAN GESINSVORMING

8.1. DIE SITUASIE VAN DIE NIE-BLANKES IN SUID-AFRIKA

Om die taak en roeping van die Blanke-Christene in Suid-Afrika in die bogenoemde situasie te kan begryp moet, behalwe wat in die voorgaande aangedui is, ook gelet word op die vermoëns van en die omstandighede waarin die Nie-Blankes in Suid-Afrika tans verkeer.

Onder die huidige omstandighede beskik die Nie-Blankevolke in Suid-Afrika nog nie oor die nodige kennis en ervaring om die natuurlike hulpbronne sodanig te ontwikkel dat dit die maksimum voordeel vir die hele bevolking kan hê nie, En die ervaring het geleer dat hulle ook nie binne een of enkele geslagte tot daardie peil ontwikkel kan word nie.

In die verband kan verwys word na wat in die Swart state ten noorde van die RSA gebeur het. Toe die Blankes daarvandaan vertrek het, het die lewenspeil van die oorblywende Swart bevolking drasties gedaal en het hongersnood op baie plekke sy verskyning gemaak.

8.2. ZAMBIË AS VOORBEELD

Wat in Zambië gebeur het, kan as voorbeeld dien van wat gebeur as die inisiatief en kennis van die Blankes verdwyn.

In 'n artikel oor die huidige situasie in Zambië verklaar Jordaan (1983:24): "Zambië: Eens die spens van Sentraal-Afrika, naas Suid-Afrika en moontlik Nigerië die rykste en welvarendste land op die betrokke vasteland, maar vandag arm, afhanklik en bedelend...

"Uhuru het armoede ingelui in hierdie pragtige land met sy benydenswaardige en ryk landbouhulpbronne. Die blankes wat die kospotte aan die kook gehou het, het gevlug. Sedert onafhanklikwording het bykans twintig jaar verloop, en steeds gaan dit in die algemeen net slegter.

"Lewensbenodighede is skaarser as ooit. Die land het geen inkomste nie. Hy het geen buitelandse valuta om vir invoergoedere te betaal nie; nie genoeg om sy mense behoorlik te voed en te klee nie.

"In Lusaka en ander groot stede staan die mense in straatlange toue vir brood en melk. Alles is peperduur, dubbel die prys in Suid-Afrika, vanwaar die meeste invoergoedere kom...

"Die winkels is leeg en as 'n besending goedere van Suid-Afrika af kom, word dit in 'n japtrap uitverkoop".

Dit is met die oog op hierdie situasie en in die besonder op die onvermoë van die swart Zambiërs om selfs in so 'n vrugbare land met ryk hulpbronne voldoende voedsel te produseer dat dr. Kenneth Kaunda, President van Zambië, aan 'n vergadering van boere gesê het: "Sê vir julle wit broers wat Zambië verlaat het, hulle moet terugkom. Hulle moet ons lande kom ploeg en beplant" (Jordaan, 1983:24).

Nou kan beweer word dat die vergelyking met die situasie in Zambië onbillik en selfs in 'n sekere mate nie ter sake is nie, omdat daar geen sprake daarvan is dat die Blankes uit Suid-Afrika gaan wegtrek nie.

Dit is waar!

Maar die punt van vergelyking is dit: As die Blankes in vergelyking met die Nie-Blankes in Suid-Afrika so min gaan word dat hulle vermoëns te beperk is om die natuurlike hulpbronne ten beste te benut — en dit voordat die Nie-Blankes self in staat is om dit te doen —, sal die lewenspeil noodwendig ook hier daal en selfs dermate dat hongersnood en dergelike probleme nie net 'n moontlikheid is nie maar 'n aangrypende werklikheid kan word.

8.3. BEPERKTE BLANKE-KINDERTAL BEPERK NOODSAAKLIKE VERMOËNS

As die vermoëns van die Blankes weens gebrek aan getalle ingeperk word, kan dit byvoorbeeld tot gevolg hê dat hulle slegs in staat sal wees om water te voorsien wat voldoende sal wees vir 50 miljoen mense en dat die voorsienbare maksimum van genoeg water vir 70 miljoen mense nie bereik sal word nie.

- Indien so 'n situasie sou ontstaan deur die onwilligheid van die Blankes om groter gesinne te hê, *tree hulle onverantwoordelik op eerstens voor God, tweedens teenoor die ander Blankes en derdens ook teenoor die Nie-Blankes.*

Tereg is in 'n Afrikaanse dagblad daarop gewys dat "ten minste vir die voorsienbare toekoms die kundigheid, ondernemingsgees en entrepreneurskap van die blankes onontbeerlik vir die verdere vreedsame ontwikkeling van die Republiek sal wees" (Anon., 1981:6). Daarom is voldoende Blankekinders in die huidige situasie in Suider-Afrika 'n besliste moet.

Eers as die Blankes die Nie-Blankes sodanig opgelei het dat hulle wetenskaplik en tegniese presies kan doen waartoe die Blankes in staat is, het die Blankes hulle roeping in hierdie verband vervul en is hulle met hulle kundigheid en entrepreneurskap nie meer nodig nie.¹ En deur die oprigting van skole en ander onderwysinrigtings doen die sentrale regering sy bes om aan die Nie-Blankes die nodige kundigheid en tegniese vaardigheid te gee, sodat hulle so gou moontlik tot die peil kan kom waar hulle dieselfde kan onderneem en doen as die Blankes. Maar hierdie situasie is tans nog nie bereik nie en sal waarskynlik ook nie in die afsienbare toekoms bereik word nie. Daarom rus daar 'n plig en verantwoordelikheid op die Blankes om onder die huidige omstandighede genoeg kinders in die wêreld te bring om hierdie groot roeping te kan vervul.

8.4. GEEN ONDERDRUKKING BEOOG NIE

As daar met hierdie doel voor oë vir groter gesinne by Blankes gepleit word, kan daar *nie* beweer word dat dit 'n poging tot onderdrukking van Nie-Blankes is nie. Beslis nie! Die doel daarvan is juis dat die Blankes hulle roeping teenoor die Nie-Blankes kan vervul en hulle tot selfstandigheid in die volste sin van die woord kan bring — 'n selfstandigheid wat nie net uit woorde bestaan nie maar ook in daade geopenbaar word.

Bowendien is dit onrealisties en eintlik sinloos om te dink dat dit binne die vermoë van die Blankes is om so uit te brei dat hulle, wat getalle betref, die Nie-Blankes sal oorheers. Daarvoor is die getalleoorwig van die Nie-Blankes reeds ver te groot.

Dit gaan daarom dat die Blankes moet besef dat die Here hulle met 'n roeping hier in Suid-Afrika geplaas het. En as hulle hierdie roeping nie *ten volle* vervul nie vanweë 'n onwilligheid om genoeg kinders te hê, staan hulle skuldig voor God. Ook in hierdie verband is die voortbring van kinders *'n seën en 'n roeping* (vgl. 5.2).

8.5. VADERLANDSLIEFDE

In hierdie verband moet die aandag ook op vaderlandsliefde gevestig word.

Soos daar in die vyfde gebod van Kanaän ten opsigte van Israel gepraat word as die land wat die Here hulle God aan hulle gegee het, so kan van Suid-Afrika ten opsigte van die Blankes en die Nie-Blankes wat daarin woon, gepraat word as die land wat die Here hulle God aan hulle gegee het. In hierdie lig het die Suid-Afrikaners ook 'n roeping en 'n plig teenoor die land wat die Here aan hulle gegee het, en teenoor die mense wat daarin woon. Hulle moet die land op 'n gepaste wyse as gawe van God liefhê, dit ontwikkel en dit met alle mag teen vyande beskerm.

¹ As hier gesê word dat die Blankes — as hulle gedoen het wat hier aangedui is — hulle roeping vervul het, word daarmee nie bedoel dat hulle in Suid-Afrika maar van die toneel kan verdwyn nie. Vir so 'n selfmoord van 'n nasie bestaan daar geen regverdiging en geen opdrag nie. Maar wat hier bedoel word, is dat as die Blankes van die toneel sou verdwyn, dit sal gebeur nadat hulle hulle roeping in Suid-Afrika in gehoorsaamheid aan God vervul het.

Maar dan moet daarby in gedagte gehou word dat 'n gepaste vaderlandsliefde nie net geopenbaar word in die bereidwilligheid om met wapens die landsgrense te verdedig nie, maar ook in die bereidwilligheid van egpare om genoeg kinders te hê wat die bestendige en vreedsame groei van Blankes en Nie-Blankes kan verseker.

Volgens die reeds genoemde statistiese gegewens (vgl. 1.1) wil dit egter voorkom of die Blankebeskawing besig is om in Suid-Afrika dood te bloei vanweë 'n gebrek aan kinders. So 'n selfmoord van 'n nasie vanweë die laksheid of onwilligheid van mense om hulle Godgegewe roeping ten opsigte van die voortbring van kinders te vervul, is vanuit Christelike oogpunt onverantwoordelik en 'n verloëning van gepaste vaderlandsliefde.

8.6. SODAT DIE LAMP KAN BLY BRAND

(Die perspektief van die geloof)

'n Christen kan nie anders as om 'n saak soos gesinsvorming ook in die lig van die geloof in die drie-enige God te beskou nie. Dit moet noodwendig tot gevolg hê dat hy gesinsvorming in 'n ander lig as die ongelowige sien.

Hierdie *ander lig* waarin hy gesinsvorming beskou, beteken nie dat hy sy oë sluit vir en net rekening hou met die konkrete werklikheid soos die beskikbaarheid van water en ander lewensmiddele, die voorsiening van werksgeleenthede en behuising ens. nie. Juis nie! Al hierdie dinge en die implikasies wat dit het of kan hê, sien hy helder en duidelik. Maar hy sien *ook* die grootste werklikheid van almal raak, naamlik *die almagtige God*. En hy weet dat God se soewereine en alwyse beskikkinge heel dikwels baie anders is as die sondige mens se kortsigtige berekenings.

As die Here sy seën aan Suid-Afrika onttrek omdat die Christene gesamentlik en afsonderlik nie hulle roeping in sy besondere diens en in die amp van die gelowige vervul nie, kan dit tot gevolg hê dat daar nie eens voldoende water en ander lewensmiddele vir 35 miljoen mense sal wees nie. Daarenteen, as die Here sy seën skenk op 'n volk wat Hom getrou dien, kan nuwe bronne en middele ontgin word sodat genoeg water en ander middele gevind kan word om in die behoeftes van meer as 100 miljoen mense te voorsien (vgl. Ps. 33:12-19).

Daarom rus die roeping op die kerk, die verbondsvolk van God in Suid-Afrika, om gelowig aan sy verbondsbeloftes vas te gryp en hulle lewe volgens sy verbondseise in te rig. Op hierdie wyse moet hulle, sover dit binne hulle menslike vermoë is, sorg dat die Here nie die lamp van sy plek in Suid-Afrika wegneem en sy kerk hier verdwyn nie (vgl. Openb. 1:20; 2:5).

Dit hou in dat die Christene hier onder andere die volgende Godgegewe roeping het:

- om uit dankbaarheid vir die verlossing deur Christus in gehoorsaamheid aan Hom te lewe;
- om die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus met krag ook aan afgedwaaldes en heidene te verkondig, sodat die koninkryk van God uitgebrei kan word;
- om te sorg dat daar voldoende verbondskinders is wat Christelik opgevoed word, sodat hulle die lig van die evangelie die toekoms kan indra.

Aangesien die Nie-Blankes ook op kerklike gebied tans nog in verskeie opsigte — menslik gesproke — in 'n groot mate afhanklik is van en moet steun op die Blankes, rus daar 'n groot roeping, taak en verantwoordelikheid op die Blanke-Christene. En as die Blanke-Christene deur die doelbewuste beperking van die kindertal daartoe bydra dat hierdie roeping *nie* vervul en hierdie verantwoordelikheid *nie* nagekom word nie, staan hulle skuldig voor die lewende God, wat die kosbare skat van die evangelie aan hulle toevertrou het. Dan kan 'n gebrek aan voldoende kinders by Christene minstens 'n bydraende faktor wees dat die Here die lamp van sy plek uit Suid-Afrika verwyder. En in so 'n situasie word land en volk die voorwerpe van die toorn en straf van die Here.

9. GEVOLGTREKKING

Op grond van die voorgaande uiteensetting moet die huidige situasie waarin die Blankes se geboortes tot onder die vervangingspeil van 2,1 kinders per gesin gedaal het sodat daar nie eens genoeg dogters is om hulle eie moeders te vervang nie (vgl. 1.1), in 'n uiters ernstige lig beskou word. As hierdie situasie ook by Christene aangetref word, is hulle optrede in verskeie opsigte onverantwoordelik juis as dit vanuit 'n Christelike oogpunt beoordeel word.

- Dit is onverantwoordelik *voor God en teenoor hulle mede-Christene* omdat hulle hulle roeping versaak deur nie genoeg verbondskinders in die wêreld te bring wat hulle Christelik opvoed om die lig van die evangelie van Christus ook in Suid-Afrika steeds duideliker te laat skyn nie.
- Dit is onverantwoordelik *teenoor die ander Blankes in Suid-Afrika* omdat hulle op hierdie wyse daartoe bydra dat die Blankes in Suid-Afrika kan uitsterf en verdwyn.
- Dit is onverantwoordelik *teenoor die Nie-Blankes in Suid-Afrika* omdat hulle (die Blanke-Christene) nie genoeg kinders in die wêreld bring wat die Nie-Blankes in hulle ontwikkeling kan help om in 'n vooruitgaande en groeiende Suid-Afrika werklik selfstandig te wees nie.

In konkrete terme geformuleer kom wat gesê is, daarop neer dat dit tot eer van God en in die beste belang van almal in Suid-Afrika sal wees as die Blanke-Christene meer as twee kinders per gesin sal hê.



GERAADPLEEGDE WERKE

- AALBERS, B.J. 1967? Verantwoorde gezinsvorming; gesprekke over geboorteregeling; 2de druk. Wageningen : Zomer & Keuning.
- ANON. 1981. Gesinsbeplanning — en leë blanke wiegies. *Hoofstad*, 14:6, 9 Mei.
- BALTENSWEILER, H. 1967. De Ehe im Neuen Testament; exegetische Untersuchungen über Ehe, Ehelosigkeit und Ehescheidung. Zürich : Zwingli Verlag.
- BRILLENBURG WURTH, G. 1951. Het Christelijk leven in huwelijk en huisgezin. Kampen : Kok.
- CALVYN (CALVIN), J. 1950. Commentaries on the four last books of Moses in the form of a harmony — 3. Translated by C.W. Bingham. Grand Rapids : Eerdmans.
- CALVYN (CALVIJN), J. 1972. Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs; 2de druk. Vertaal deur A.M. Donner. Goudriaan : De Groot.
- COETZEE, J. CHR. 1941. Die seksuele opvoeding van die mens (*In Koers in die krisis* — 3. Stellenbosch : Pro Ecclesia, p. 321-340).
- CRONJÉ, G. red. 1958. Krimpente kindertal; waarom huisgesinne kleiner word. Kaapstad : NG Kerkuitgewers.
- DE BRUYN, P.J. 1968? Die Christen se geboortereëling. Potchefstroom : Pro Rege.
- DE BRUYN, P.J. 1981a. Gesinsbeplanning — 'n seën of 'n vloek? *Gereformeerde Vroueblad*, 36(2):9-11, Julie.
- DE BRUYN, P.J. 1981b. Gesinsvorming in die lig van die Skrif. *Gereformeerde Vroueblad*, 36(3): 11-13, Augustus.
- DE BRUYN, P.J. 1982. Voorhuwelikse geslagsgemeenskap; 'n teologies-etiese studie. (Ongepubliseerde proefskrif — PU vir CHO).
- DE VRIES, W.G. 1970. Het huwelijk in ere; 4de druk. Groningen : De Vuurbaak.
- DOUMA, J. 1976. Christelike Ethiek; *capita selecta* 1. Kampen : Copieer-inrichting V.d. Berg.
- DROGENDIJK, A-C. 1964. Man en vrouw voor en in het huwelijk; een boek over het seksuele lewen voor verloofden en gehuwden; 8ste druk. Kampen : Kok.
- DUVENAGE, B. 1973. Die etiek van gesinsvorming. IBC-Studiestuk nr. 72. Potchefstroom : PU vir CHO.
- GEREFORMEERDE KERKEN NEDERLAND. 1964. Gezinsvorming; enige uitspraken van de generale synode van Groningen 1963—'64 nader toegelicht. Kampen : Kok.
- GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA. 1982. Handeling van die een-en-veertigste sinode, Potchefstroom : Adm. Buro van die Geref. Kerk.
- GROENEWALD, E.P. 1959. Die eerste brief van die apostel Paulus aan die Korinthiërs. (*In Bybel met verklarende aantekeninge* 3:443-495. Kaapstad : Verenigde Protestantse Uitgewers).
- GROSHEIDE, F.W. 1954. Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe; 2de druk. Korte verklaring der Heilige Schrift. Kampen : Kok.
- GROSHEIDE, F.W. 1957. De eerste brief aan de kerk te Korinthe; 2de druk. Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.
- HELBERG, J.L. 1981. Loof die Here! Die Psalms in Ou- en Nuwe-Testamentiese lig. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HUNTEMANN, G. 1964. Seksualiteit in het moderne leven en wat de Bijbel ervan zegt. Uit Duits vertaal deur J.B. Fabery de Jonge. Wageningen : Zomer & Keuning.

- JANSEN VAN RYSSSEN, J.W. 1944. Die statistiese en sosiale aspekte (van geboortebepanking). (*In* Jansen van Ryssen, 3.W., Kruger, J.H. & De Klerk, B.J. Die selfmoord van 'n nasie; geboortebepanking — sy oorsake en gevolge. Kaapstad : HAUM/Pretoria : De Bussy, p. 13-69).
- JORDAAN, J.C. 1983. Zambië se boere begin lig sien. *Landbouweekblad*, 65(280):24-27, 29, 17 Jun. KOTZÉ, D.N. 1969. Die Christen en geboorteregeling. *Die Kerkblad*, 72 (2002):10-12, 4 Jun.
- KOTZE, D.N. 1981. Brief insake voorbehoedmiddels. *Gereformeerde Vroueblad*, 36(5): 17-18, Okt.
- LUTHER, M. 1959. (Oorspronklik 1545). Sermon at marriage of Sigismund von Lindenau: Heb. 13:4. (*In* Pelikan, J. & Lehmann, H.T. ed. Luther's Works. Vol. 51: Sermons. Translated by J.W. Doberstein. Philadelphia : Fortress Press, p. 357-367.)
- LUTHER, M. 1962. (Oorspronklik 1522.) The estate of marriage. (*In* Pelikan, J. & Lehmann, H.T. ed. Luther's Works. Vol. 45: The Christian in society — 2. Translated by W.I. Brandt. Philadelphia : Muhlenberg Press, p. 11-49).
- LUTHER, M. 1973. (Oorspronklik 1524.) Commentary on 1 Corinthians 7. (*In* Pelikan, J. & Lehmann, H.T. ed. Luther's Works. Vol. 28: Commentaries. Translated by E. Sittler. Saint Louis : Concordia Publishing House, p. 3-56).
- MOSTERT, W.P. & VAN TONDER, J.L. 1982. Moontlike bevolkingsgroei in Suid-Afrika tot die middel van die 22e eeu. (Verslag S-83). Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- NARRAMORE, C.M. 1969. A Christian view of birth-control; 7th printing. Grand Rapids : Zondervan.
- NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA. 1983. Notule van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. Pretoria : NH Kerk.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1982. Handeling van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Pretoria : N.G. Kerk.
- NEDERLANDSE HERVORMDE KERK. 1959. Het huwelijk; herderlijk schrijven van de generale synode der Nederlandse Hervormde Kerk; 6de druk. 's-Gravenhage : Boekencentrum.
- NIEUWE KATECHISMUS. 1966. De nieuwe katechismus; geloofsverkondiging voor volwassenen in opdracht van de bisschoppen van Nederland. Hilversum : Paul Brand.
- PIEK, H.J. 1961. Die gesin en bevolkingsaanwas. (*In* Verslag van die gesinskongres, Pretoria 4-7 April 1961. Pretoria : NG Kerkboekhandel, p. 110-122).
- PIPER, O.A. 1954. Man en vrou; betekenis en misterie van die seksualiteit naar bijbelse visie. Uit Duits vertaal deur R. Kooistra. Franeker : Wever.
- POP, F.J. 1965. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk : Callenbach.
- RIDDERBOS, H. 1966. Paulus; ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.
- RIJKSEN, G.W. 1953. Pastoraat rondom het huwelijk. Zwolle : La Rivière & Voorhoeve.
- ROSCAM ABBING, P.J. 1973. Hoe groot ons gezin? Nijkerk : Callenbach.
- RUSHDOONY, R.J. 1971. The myth of over-population. Nutley, New Jersey : Craig Press.
- SCHILDER, J.N. 1972. Geboorteregeling. (*In* H. Bouma e.a. Gezinsvorming. Groningen : De Vuurbaak, p. 43-57).
- SIMON, W.G.H. 1971. The first epistle to the Corinthians; 4th imp. Torch Bible Commentaries. London : SCM Press.

- VAN BRUGGEN, J. 1978. Het huwelijk gewogen; 1 Korinthe 7. Amsterdam : Bolland.
- VAN WYK, D.J.C. 1983. Huwelik en gesin in positiewe lig. *Die Hervormer se nuusbrief*, (193):2, 15 Mei. (Bylae tot *Die Hervormer*, Mei 1983.)
- VAN WYK DE VRIES, K. 1952. Die geslagsverhouding in die huwelik. (*In* Van der Walt, S.J. *red.* Die heilige huwelik. Kaapstad/Pretoria : HAUM/De Bussy, p. 37-44.)
- VELEMA, W.H. 1972. Gezinsvorming; een etisch-pastorale benadering. Amersfoort : Echo.
- VELEMA, W.H. 1977. Gevaren die het gezin bedreigen. (*In* Van der Graaf, J. & Kole, LA. *red.* Het gezin vandaag en morgen. 's-Gravenhage : Boekencentrum, p. 53-77.)
- VOLGER, W. 1956. Romeinen en Corintiërs. De Bijbel en zijn boodschap. Leeuwarden : Jongbloed.
- WETENSKAPSKOMITEE PRESIDENTSRAAD. 1983. Verslag van die Wetenskapskomitee van die Presidentsraad oor demografiese tendense in Suid-Afrika. Kaapstad : Staatsdrukker.
- WIJNGAARDEN, H.R. 1969. Hoofdproblemen der volwassenheid; de psychische ontwikkeling tussen twintig en veertig jaar; 6de druk. Utrecht : Bijleveld.
- WILLIAMS, E.S. 1980. Where have all the children gone? A survey on family planning in South Africa. Johannesburg : Ernest Stanton.
- WILSON, G.B. 1971. 1 Corinthians; a digest of reformed comment. London : The Banner of Truth Trust.